***UIT DIE PEN VAN DIE CEO (33/21)***
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 3 September 2021*

***"I have yet to see any problem, however complicated, which, when you looked at it in the right way, did not become still more complicated" Poul Anderson***

**STEEDS BAIE VRAGMOTORS IN DURBAN**

Week 33 van die uitvoerseisoen het 'n rekord van 4.8 miljoen kartonne sitrus opgelewer wat in die noordelike streke geproduseer is, wat veroorsaak het dat daar baie vragmotors by die Durbanse hawe aangekom het, wat steeds onder ernstige opeenhopings en bottelnekke gebuk gaan, weens 'n sameloop van faktore, insluitend: 'n wêreldwye tekort van vraghouers, die onlangse kuberaanval op Transnet en die plundering en geweld in die provinsie. Dit het 'n ernstige impak op hawe-bedrywighede gehad. Die Citrus Growers' Association of Southern Africa (CGA) het daarom verlede Vrydag met belanghebbendes in die sitruswaardeketting vergader, insluitend Transnet, operateurs van skeepsrederye, koelkamers en produsente om 'n opdatering oor die situasie te verkry, en om bestuursmaatreëls te bespreek. Daar is ooreengekom dat 'n kennisgewing aan alle produsente in die noordelike streek gestuur moet word om hulle in kennis te stel van die agterstand en hulle te versoek om met hul diensverskaffers regoor die verskaffingsketting te kommunikeer en slegs vrugte te pak as daar genoegsame koue-opberging beskikbaar is en kommunikasie ontvang het dat daar ook houers beskikbaar is om vrugte in te laai. Die CGA sal voortgaan om met alle rolspelers in gesprek te tree om te verseker dat die oorblywende sitrus-oes vir die seisoen 2021 deur die Durbanse hawe sal kan gaan en na die oorsese markte verskeep kan word oor die komende weke.

**HERSIENE PROTOKOL VIR SITRUSVERSKEPINGS NA CHINA NOU VAN TOEPASSING**

Hierdie week het Departement Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling (DALRRD) die ondertekende protokol ontvang wat die verskepingstemperatuur vir die "disinfestation" van suurlemoene wat vir China bestem is, hersien. DALRRD het die bedryf ingelig dat hierdie protokol nou geïmplementeer kan word. Die hersiene protokol vir die uitvoer van sitrus vanaf Suid-Afrika na China verander die "disinfestation treatment" van suurlemoene - wat die verskepingstemperatuur verhoog. Dit is baie belangrik vir suurlemoene, aangesien dit 'n vrug is wat vatbaar is vir koue skade by lae verskepingstemperature. Die ondertekening en publisering van hierdie hersiene protokol is baie belangrik vir die suurlemoensektor van die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf. Tot dusver is baie min suurlemoenbesendings na China uitgevoer weens die vereistes vir "disinfestation". Na verwagting sal hierdie verandering tot 'n groter uitvoer van suurlemoene na China lei - waar die aanvraag na suurlemoene goed is. Daar word ook verwag dat Suid-Afrika in 2021 'n paar besendings van suurlemoene onder hierdie hersiene protokol sal stuur as 'n voorloper van groter volumes in 2022. Die Citrus Growers' Association of Southern Africa (CGA) wil graag die Chinese Plantgesondheid (GACC) en Departement Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling (DALRRD) vir die afhandeling van hierdie hersiene protokol bedank.

**GEPAK EN VERSKEEP**

Soos ons na die einde van die seisoen skarrel, is pomelo's se voorspelling (effens) verhoog, terwyl nawels en suurlemoene se voorspellings onderskeidelik met 0,5 miljoen en 1 miljoen kartonne verhoog is. Dit bring die voorspelling op na 159 miljoen kartonne. Negentig persent van sagte sitrus is nou gepak en vir uitvoer goedgekeur met net minder as 3 miljoen kartonne laat mandaryne wat nog gepak moet word; terwyl Valencias nou 2/3 voltooi is.

| Einde van week 34 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuuste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| BRON: PPECB/AGRIHUB | **2019** | **2020** | **2021** | **2020** | **2021** | **2021** | **2021** | **2020** |
| Pomelo's (17kg) | | | 15.2 m | | 13.6 m | | | |
| Pomelos's | 16.5 m | 14.6 m | 17.2 m | 13.4 m | 15.4 m | 18 m | 17.4 m | 15.5 m |
| Sagte Sitrus | 16.9 m | 21.4 m | 27.3 m | 19.4 m | 23 m | 30.5 m | 30.2 m | 23.6 m |
| Suurlemoene | 20.7 m | 26.5 m | 28.9 m | 24.3 m | 26.6 m | 30.2 m | 29.5 m | 29.6 m |
| Nawels | 22.7 m | 24.8 m | 25.7 m | 22.4 m | 22.8 m | 26.3 m | 26.7 m | 26.2 m |
| Valencias | 29 m | 34.4 m | 34.7 m | 25.4 m | 21.4 m | 58 m | 55.2 m | 55.1 m |
| **Totaal** | **105.8m** | **121.7m** | **133.8m** | **104.9 m** | **109.2 m** | **163 m** | **159 m** | **150 m** |

***THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE SOUTHERN AFRICAN CITRUS GROWERS***